

28 Oktober

Skrifgedeelte: Matteus 28:16-20 (NAV)

Fokusgedeelte: Matteus 28:19

Gaan ...

Ons heg gewoonlik baie waarde aan 'n persoon se laaste woorde op aarde. Jesus het kort tevore uit die dood opgestaan en wanneer Hy sy dissipels beveel om Hom te ontmoet, verwag die verslae dissipels weer iets groots. Hy was dood. Nou staan Hy in hulle midde. Sekerlik wou hulle Hom nooit weer laat gaan nie.

Jesus se woorde bring vir hulle sekerheid en troos: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op aarde.” Om met so iemand bevriend te wees, kan beslis net voordelig wees. Hulle sou nooit weer toelaat dat Hy ver van hulle moet gaan nie. En tog stuur Jesus hulle weg met sy eerste woorde: “*Gaan ...*”

Ons lees egter in vers 18 dat Jesus eers *nader* aan sy dissipels gekom het. Daarmee openbaar Hy sy deernis vir en betrokkenheid by die mens in nood. Jesus beklemtoon eers sy posisie. Hy het die dood oorwin. Hy beskik oor alle mag. Hierdie waarheid motiveer ons verdere optrede. Ons kan mos nooit oor hierdie heerlike boodskap stilbly of stilstaan nie. Ons kan nie anders as om te *gaan* nie. Dit is die wese van dissipelskap. Dit is om met jou optrede die hart van die evangelie te leef. Om Christus te dien, vra 'n dinamiese lewe. Die werkwoord “gaan” waarmee Jesus die dissipels uitstuur, is nooit verlede tyd nie. Soos 'n avonturier elke keer 'n nuwe uitdaging aanvaar en opgewonde voorberei en nie kan wag om hoër hoogtes te verken nie, moet ek bereid wees om te gaan!

Dit was nooit Jesus se bedoeling om in Matteus 28 'n akademiese en teologiese geprek oor doop, bekering en leer te begin nie. Sy opdrag was eenvoudig net: “*gaan*”. Die inhoud van die boodskap wat die dissipels moet gaan uitdra, is die enigste rede vir die opdrag: Jesus het alle mag! Jesus is elke dag by ons! Waarheen *gaan* jy vandag met hierdie heerlike boodskap?

Sing: Psalm 91:6 (1936)

Ds. PJ (Petrus) van Blerk (Rustenburg-Wes)